# HOSANNA
## in die hoogste

**LUKAS 19:28-40**

28Nadat Jesus hierdie dinge gesê het,
het Hy voor hulle uit geloop, op pad na
Jerusalem toe. 29Toe Hy naby Betfage
en Betanië kom, teen die Olyfberg,
stuur Hy twee van sy dissipels vooruit
met die opdrag: 30"Gaan na die dorpie
toe daar reg voor julle. Net soos julle
inkom, sal julle daar 'n jong donkie kry
wat vasgemaak staan. Geen mens het
nog ooit op hom gery nie. Maak hom
los en bring hom hier

31 En as iemand vir julle vra: 'Waarom
maak julle hom los?' moet julle
antwoord: Die Here het hom nodig."
32 Die twee wat gestuur is, gaan toe en
kry alles net soos Hy vir hulle gesê het.
33 Terwyl hulle die donkie losmaak, vra
sy eienaars vir hulle: "Waarom maak
julle die donkie los?" 34 Hulle antwoord:
"Die Here het hom nodig." 35 Toe bring
hulle die donkie na Jesus toe.

Daarna gooi hulle van hulle klere op sy
rug en help Jesus opklim. 36 Terwyl Hy
aanry, het hulle van hulle klere op die
pad oopgegooi. 37 Toe Hy naby die stad
kom, teen die afdraand van die
Olyfberg, het die hele skare juigende
volgelinge God uit volle bors begin
prys oor al die wonderwerke wat hulle
gesien het.

38 Hulle het gesing:
“Loof die Koning,
Hy wat in die Naam
van die Here kom!
Vrede in die hemel
en eer aan God in die hoogste hemel!”
39 ’n Paar Fariseërs uit die skare sê toe
vir Jesus: “Meneer, maak stil u
volgelinge!” 40 Maar Hy antwoord: “Ek
sê vir julle: As hulle stilbly, sal die
klippe uitroep.”

# "THE CROWD IS FICKLE"

# Vandag “Hosanna”, môre “Kruisig Hom”


DIE MESSIAS
IS HIER!

5 “Sê vir Sion:
Kyk, jou Koning kom na jou toe;
Hy is nederig en Hy ry
op ’n donkie,
op die vul van ’n pakdier.”

- MATTEUS 21:5 (SAGARIA 9:9)



# “PRYS HOM WAT IN DIE NAAM VAN DIE HERE KOM”

25 Red tog, Here,
gee tog voorspoed, Here!
26 Prys hom
wat in die Naam van die Here kom!
Ons seën julle
uit die huis van die Here.

- PSALM 118:25-26

9 En die skare wat voor geloop en die
wat gevolg het, het uitgeroep en gesê:
Hosanna vir die Seun van Dawid!
Geseënd is Hy wat kom in die Naam
van die Here! Hosanna in die hoogste
hemele! 10 En toe Hy in Jerusalem
inkom, het die hele stad in opskudding
geraak en gesê: Wie is hierdie man?
11 En die skare sê: Dit is Jesus, die
profeet, van Násaret in Galiléa.

- MATTEUS 21:9-10 OAV

38 Hulle het gesing:
“Loof die Koning,
Hy wat in die Naam
van die Here kom!
Vrede in die hemel
en eer aan God
in die hoogste hemel!”

- LUKAS 19:38

# LEIDENDE MESSIAS

vs.

# LYDENDE MESSIAS

20 Omdat Pilatus vir Jesus wou loslaat,
het hy weer met hulle gepraat, 21 maar
hulle het aanhoudend uitgeroep:
"Kruisig, kruisig hom!"
22 Die derde keer sê Pilatus vir hulle:
"Watter kwaad het die man gedoen? Ek
het in hom niks gekry wat die
doodstraf regverdig nie. Ek sal hom
dus laat gésel en dan loslaat."

- LUKAS 23:20-25

23 Hulle het egter met 'n harde geskreeu
aangehou om te eis dat Jesus gekruisig
moes word, en met hulle geskreeu het
hulle die oorhand gekry. 24 Pilatus het
toe besluit dat aan hulle eis voldoen
moes word. 25 Die man wat oor opstand
en moord in die tronk was, het hy
vrygelaat, soos hulle geëis het, maar vir
Jesus het hy uitgelewer, soos hulle wou
hê.

- LUKAS 23:20-25

# WAT SING ONS?

# Hosanna/Kruisig Hom?

"As we arrive at Jerusalem with Jesus, the question presses upon us. Are we going along for the trip in the hope that Jesus will fulfil some of our hopes and desires? Are we ready to sing a psalm of praise, but only as long as Jesus seems to be doing what we want? Are we ready not only to spread our cloaks on the road in front of Him, to do the showy and flamboyant thing, but also now to follow Him into trouble, controversy, trial and death?"

- N.T. WRIGHT


HOSANNA
in die hoogste
LUKAS 19:28-40